# Koers

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF.

Deel IV. No. 2. POTCHEFSTROOM. Oktober 1936.


## DIE DWALING VAN 'N GECHRISTIANISEERDE STAATSKOOL.

Sedert baie jare is daar 'n kragtige werking tot verandering in ons skoolwese te bespeur, 'n werking wat met die tyd magtiger aangegroei het, omdat dit gedra is deur die lewende geloof in Christus, en die kragtige woord van die Almagtige. Die beweging wat dit voortgebring het is vandag een waarvan kennis geneem word, want dit besit 'n geweldige inherente krag, omdat dit die aksie van die geloof is wat wil leef ook in die skool en in die wetenskap. Hierdie groeiende beweging kondig dan ook aan dat die groot stryd oor die toekoms van Suid-Afrika in die skool om die kind uitgeveg sal word. En die Calvinis het maar een oortuiging: indien Suid-Afrika, aan sy roeping getrou, meer as oorwinnaar sal uitkom in hierdie stryd, dan moet daar 'n onvoorwaardelike erkenning van die Soevereiniteit van God en die gesag van Sy woord op elke gebied van die menslike aktiwiteit wees. Elke Calvinis gaan dan ook hierdie oorwinningsdag dankend tegemoet, en juis daarom het elkeen die heldhaftige stryd van die C.N.O. in Transvaal met groot waardering gadegeslaan. En tog het die jongste (1935) besluite van daardie hoofbestuur tot diepe nadenking gestem. Hulle gaan voorlopig alleen ywer vir 'n gechristianiseerde staatskool, om dan eers later daarvandaan in die rigting van C.N.O. te werk. Nou is die vraag: gaan 'n gechristianiseerde staatskool wees 'n golf wat ons vooruit stoot of 'n stroming wat ons wegsleep van die verwesenliking van ons ideaal? Ons meen dat die kloeke C.N.O.-bestuur hul vaste veilige grond verlaat het en dat daar vir ons geen heil in die nuwe rigting is nie.

Indien 'n gechristianiseerde staatskool moontlik is en 'n werklikheid word, sal ons met C.N.O.-propaganda geen indruk by ons Christelike publiek meer maak nie, eenvoudig omdat ons sterkste pleitgronde en ons magtigste propaganda-middel ons ontneem is. Die C.N.O. het nog altyd die Christelike gewete geraak en die verstand tot logiese insig gedwing deur die kontrastering van die huidige neutrale staatskool en die skool met die Bybel. Word die gechristianiseerde staatskool 'n werklikheid, dan verloor ons daardie skerp kontras en het ons nie die swart agtergrond waarteen ons ideale des te helderder kan skitter om die halfsiendes te laat sien en verstaan en saamstem nie. Deur wins te doen met hierdie kontras sal ons groot skares oortuig, want dis eers wanneer die gevare van die neutrale onderwys tot hulle deurdring dat hulle die noodsaaklikheid van die C.N.O. sal insien. Om dit te staaf kan ons verwys na die skoolstryd in Holland. Swaar was ook die stryd en weinig die entoesiaste, maar nouliks het die owerheid die Bybel geheel uit die skole verban, of die gereformeerde volk het ontwaak en oral is skole met die Bybel gestig, en dit wel met groot opoffering en soms ook onder vervolging. Die ongeloof het onder Gods bestiering in die hande van die geloof gespeel. So het die neutraliteit van ons skoolwese ons in die verlede ten goede gekom en sal dit ons in die toekoms help om ons Christen-volk wakker te skud en aan te moedig tot die stryd. Immers elke Christen wat besef dat nie slegs ons uiterlike dade in ooreenstemming met Gods Woord moet wees nie, maar ook ons innerlike denkarbeid moet uiteindelik tot die konklusie kom dat die neutrale skool nie kan bevredig nie. Wel word daar iets gedoen aan Bybelonderrig en godsdiens, maar dit is algemeen interkonfessioneel: dus vaag en onchristelik; daarby bly alles neutraal omdat die Skrif hier nie gesag het in die wetenskap en kennis wat die res van die dag verkondig word nie. Die Christene sien dan ook al meer vandag in dat die lewensbeskouing wat op skole en uniwersiteite gepropageer word, vreemd is aan en vyandig staan teenoor die Skrif. Gaan ons nou alleen aandring op meer godsdiens sonder die wese te verander, soos die C.N.O. wil, dan bedek ons alleen die dwalinge en gevare van die neutrale onderwys, en so word die publiek wat nou begin ontwaak, dieper aan die slaap gesus! Laat ons dan nie prys gee en ons kompromitteer nie, al is dit ook met die beste bedoelinge, maar laat ons ons lig laat skyn ook wat die skoolwese betref, en hoe helder sal dit nie skitter teen die swart agtergrond van die neutrale Skrif-ignorerende onderwys nie!

Nou samehangend met hierdie eerste beswaar is die moeilikheid dat ons met enkele entoesiaste alleen nie kan slaag nie. Ons het getalle nodig. Nou is dit 'n tragiese feit, grotendeels die wrange vrugte

van die neutrale onderwys, dat die sintetiese figure ook in ons land die meerderheid vorm. Uit hierdie groep moet ons deur oortuigingswerk ons getalle sterk. Gaan ons nou egter eers 'n gechristianiseerde staatskool stig, dan skep ons juis iets waaraan hulle met alle liefde sal vasklem. Immers, hulle is altyd deurdronge van die uitwendige eenheidsgedagte, en die oppervlakkige vereniging van staat en alle Christelike denominasies en groepe sal vir hulle die verwesenliking van hulle hoogste aspirasies wees. Op hierdie wyse verloor ons dan mense wie se Christelike gewete hulle uiteindelik sou gedwing het om hulle kragte by ons in te gooi ten einde reg te laat wedervaar aan die Woord van God, ook op die terrein van die opvoeding. Nee, 'n middeweg mag ons nie probeer nie, omdat die grootste deel van die mense middewegs is. Liewer moet ons skerp en duidelik sê wat ons wil. In verband met sake rakende die Koninkryk van Christus en die Woord van God moet ons konsekwent net twee weë voorhou. Dit is altyd 'n keuse voor of teen God, en hoe skerper ons die kontras stel, hoe makliker en gouer gaan ons die sintetiese figure oortuig, want Gods Woord is ,,'n hamer wat 'n rots vermorsel".

Dan is daar die besware wat die gechristianiseerde staatskool self geld. En die eerste vraag wat hom aan ons opdring, is die volgende: ,,Is 'n gechristianiseerde staatskool, 'n skool meer Christelik as die huidige, maar wat tog nie 'n Christelik-nasionale is nie, moontlik? Wat gaan sy wetlike posisie wees? Gaan dit beteken dat die gewetensklousule geskrap word? Indien wel, waarom dan 'n gechristianiseerde staatskool, want dan is die pad oop vir C.N.O.? Indien die wet onveranderd bly, dan bly die skool ook soos dit was. Miskien sal op die meeste dit verkry word dat meer aandag aan godsdiens, bybelgeskiedenis en bybelonderrig gegee word. Maar dit sal altyd iets los wees van — indien nie ook nog benede — die ander wetenskap, kennis en lewensbeskouings wat gedoseer word. Niks sal in die lig van Gods Woord gedoen word nie. Dit sal ook nog daartoe lei dat Jood en heiden ook hulle eise sal stel, waaraan billikheidshalwe toegegee moet word. En die uiteindelike resultaat sal weer dit wees, dat Jood en heiden in die bevoorregte posisie sal verkeer dat hulle alleen verder sal vorder op die pad van groep-skole vir hulle kinders.

Dan is daar die verdere vraag: Wie gaan in die gechristianiseerde staatskool domineer? Die ouer of die staat? Indien die staat nog die hef in hande gaan hou, dan is alle ywer vir 'n gechristianiseerde staatskool soveel verspilling van kragte, want dan word die Christenouers tog maar weer net ,,met 'n kluitjie in die riet" huistoe gestuur. Indien die ouer die vernaamste rol in die gechristianiseerde staatskool gaan speel, dan staan ons voor die onontduikbare vraag: Die ouer

met welke geloof? En op hierdie rots strand die gechristianiseerde staatskool: Immers wie gaan die toon aangee . . . . die Roomse of die Geref., die Metodis of Modernis, ens.? Dis duidelik dat almal bevredig moet word. En word almal bevredig, kan daar miskien 'n pragtige samewerking wees, maar die vloek sal daarop rus, omdat die Waarheid Gods dan nie ontvou en uitgeleef sal word nie, maar dit sal vermink word, uitsterf en begrawe word. Immers 'n godsdiens van interkonfessionele aard moet altyd uitloop op liberalisme en rasionalisme, wat die dood in die pot van die egte geloof is. En met die egte waaragtige geloof sterf ook die C.N.O., want C.N.O. is alleen die vrug van die kinderlike geloof dat Christus Heer is van die lewe — hart, gevoel en verstand — en daarom ook Koning van die skool.

'n Ander byna onoorkomelike moeilikheid vind ons in die feit dat geen stelsel so stabiel is, wat sy uiterlike vorm betref, as juis die skoolstelsel nie. Die innerlike doel en metode verander met elke groot opvoedkundige wat 'n toespraak in Suid-Afrika kom hou, maar almal is dit eens dat die ou gevestigde uiterlik nie hierdie kameleon-trek vertoon nie. Dit het ons in ons stryd vir C.N.O., helaas, ook al uitgevind. Mense wat anders voel vir ons beginsel en die goeie reg van ons eise om ons kinders self op te voed, insien, sien op teen praktiese uitvoering, omdat dit so 'n geweldige ommekeer in die uiterlike sal wees, en dit is na hulle mening onoorkomelik. Gaan ons nou 'n gechristianiseerde staatskool tot stand bring, dan skep ons 'n vorm wat nie soos 'n Franse kabinet in 'n nag weer omvergewerp kan word nie. Hierdie feit moet ons in aanmerking neem, want as dit ons erns is, mag ons nie die verwesenliking van ons ideaal met so 'n omweg honderde jare vertraag nie. Daarom moet die staatskool alleen vervang word deur C.N.O., want ons het stellig nie met 'n eendagsvlieg te doen nie. Sal ons nie met die lang omweg van 'n gechristianiseerde staatskool uiteindelik uitvind dat ons in 'n sirkel beweeg het en moeg en uitgeput wees voor met C.N.O. moet begin nie?

Eindelik moet ons daarop wys dat die omvorming van die neutrale staatskool tot 'n gechristianiseerde staatskool noodwendig plotseling en op groot skaal sal geskied. Daar sal geen klein begin met organiese groei wees nie, maar meganies sal die hele staatskool gechristianiseer word. Hierdie uitgebreide omskepping sal hierdie nadelige gevolg hê dat die gechristianiseerde skool al die huidige ongelowige onderwysers sal moet gebruik. Dis tog prakties onmoontlik om net so vinnig Christen-onderwysers op te lei as die verandering in die skool te weeg gebring word. Die gebrek aan Christen-leerkragte sal dit meebring dat ongelowiges gebruik moet word. Daar sal dan wel 'n verandering in die naam van die skool

wees, maar die gees en die rigting en die produk sal absoluut dieselfde bly. Immers, indien ons die neutrale skool wil christianiseer, dan is ons eerste groot behoefte Christen-onderwysers. Wel kan alle onderwysers deur ordonnansie verplig word tot die nakoming van hul voorgeskrewe pligte: maar dit sal meer verderwend werk as die neutrale skool. Daar is tog geen groter vyand van die geloof nie as 'n heiden in die rol van godsdiensleraar! Indien ons die skool wil christianiseer, moet ons Christen-onderwysers hê, en waar sal ons hulle vind? Immers, die gebrek aan sulke leerkragte is juis die vloek van die neutrale onderwys wat geloof en wetenskap langs mekaar stel, met die gedagte dat hulle niks met mekaar te doen het nie en absoluut geskeie moet bly. Die gevolg is: 'n God-lose wetenskap word gedoseer en 'n lewensbeskouing aangekweek wat vreemd is aan die Skrif. En weinige ontkom aan die suigkrag van die eensydig heidense opvoeding, terwyl die massa hulle geloof na die molle en die vlermuise gooi. Betwyfel u dit? Tel dan maar self hoeveel geleerde here, doktore en professore — om hulle leerlinge maar nie te noem nie — u in ons neutrale akademiese kringe en in ander geleerde sentra, op 'n Sondag na 'n bedehuis sien gaan. En die gechristianiseerde staatskool sal hierdie kranke toestand nie verhelp nie, want ook die is maar Christelik in naam of gevoel, maar nie in wese nie, want ook daar word geloof en wetenskap beskou as waterdig van mekaar geskeie. En wie geloof en wetenskap in hierdie lig beskou, bou 'n Godlose wetenskap op wat soos onkruid die goeie saad van die geloof verstik. Om Christenonderwysers behoorlik wetenskaplik op te lei, daarvoor is dus nodig opvoedingsinrigtinge op Christelike grondslag wat „In U lig" ook hulle denkarbeid verrig. Sonder hierdie inrigtinge is 'n gechristianiseerde Staatskool 'n spotbeeld: Christelik in naam, ongelowig in daad.

En dit alles forseer tot die konklusie dat 'n gechristianiseerde staatskool 'n basterproduk is: steriel — wat betref vrugte, 'n onding wat nie mag bestaan nie, omdat dit lasterlik is, draende die naam van Christus terwyl die kern nie die waaragtige wedergeboorte ondergaan het wat ons in die C.N.O. kry nie. Dis maar die ou staatskool met 'n vroom kleed van godsdiens behang. En mag ons nou ons heerlike Godgewilde roeping tot stigting van skole met die Bybel versaak vir so 'n skamele surrogaat? En geen beter vrugte kan ooit verwag word van 'n so noue samewerking met mense wat nie die geloofsdrang besit wat die stukrag van die C.N.O.-beweging is nie. 'n Koalisie met teenstanders van die C.N.O. is dodelik, want koalisie lei altyd tot samesmelting, en met so 'n samesmelting is dit altyd die suiwere wat versmelt. Immers, die suiwere moet prys gee, omdat die onsuiwere niks het om prys te gee nie. Laat ons dan nie soos 'n gebrokene of

'n aan ouderdomswakte lydende gryp na 'n geknakte riet en 'n gebroke staf nie. Inteendeel, laat ons ons jeug weer vernuut soos dié van die arend, en ons hulp van die Here verwag. Diplomatiek is hier sonde, want ons het hier nie slegs te doen met die handhawing van 'n gekoesterde beginsel nie, daar is ontsettend meer op die spel: ons staan voor die woord van Christus: Julle is die sout van die aarde. Sal ons dan nie soos Nehemía die hulp van halfslagtige Samaritane afwys nie, opsien tot Hom wat roep en getrou is, en met geloofsvertroue sê: „Die God van die Hemel, Hy sal dit ons laat geluk en ons, Sy knegte, sal ons opmaak en bou"?

J. D. Vorster.

Kaapstad,
17 Augustus 1936.